

Skriflesing: Efesiërs 5: 21 – 6:9Teks: **Efesiërs 6: 1,4,9**Sing- **VOORAF SANG: Sb. 15-2 (38): 3****TYDENS EREDIENS: Ps. 45: 1, 6, 9; Ps. 89:13; Ps. 66: 2, 7 Ps. 128: 2,3****Efesiërs 5: 22 – 6:9****Eph 5:21** Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.**Eph 5:22** Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is.**Eph 5:23** Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is. Christus is ook die Verlosser van die liggaam, sy kerk.**Eph 5:24** Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees.**Eph 5:25** Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het.**Eph 5:26** Dit het Hy gedoen om die kerk aan God te wy, nadat Hy dit met die water en die woord gereinig het,**Eph 5:27** sodat Hy die kerk in volle heerlijkheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik.**Eph 5:28** Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame. Wie sy vrou liefhet, het homself lief,**Eph 5:29** want niemand het nog ooit sy eie liggaam gehaat nie. Intendeel, hy voed en versorg dit, soos Christus met sy kerk doen**Eph 5:30** omdat dit sy liggaam is, waarvan ons lede is.**Eph 5:31** Daar staan in die Skrif: "Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees."**Eph 5:32** Hierin lê daar 'n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk.**Eph 5:33** Maar dit is ook op julle van toepassing. Elkeen moet sy vrou so lief hê soos hy homself liefhet, en 'n vrou moet aan haar man eerbied betoon.**Eph 6:1** **Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis.****Eph 6:2** "Eer jou vader en jou moeder" is 'n baie belangrike gebod. En daar is nog 'n belofte by:**Eph 6:3** "sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde."**Eph 6:4** **En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil.****Eph 6:5** Slawe, wees gehoorsaam aan julle eienaars hier op aarde, en doen dit met eerbied en ontsag maar terselfdertyd met 'n opregte hart, asof dit vir Christus is.**Eph 6:6** Moenie net werk om deur julle eienaars raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie; werk soos slawe van Christus wat van harte die wil van God doen.**Eph 6:7** Al is julle slawe, doen julle werk met lus, soos vir die Here en nie vir mense nie.**Eph 6:8** Julle weet tog dat die Here elkeen sal beloon as hy iets goeds gedoen het, of hy nou slaaf is of vry.**Eph 6:9** **En eienaars, behandel julle slawe met dieselfde gesindheid. Hou op om hulle te dreig. Dink daaraan dat die Here in die hemel hulle Here en ook julle Here is, en Hy trek niemand voor nie.****Skriflesing:** Efesiërs 5: 21 – 6:9Teks: **Efesiërs 6: 1,4,9**Sing- **VOORAF SANG: Sb. 15-2 (38): 3****TYDENS EREDIENS: Ps. 45: 1, 6, 9; Ps. 89:13; Ps. 66: 2, 7 Ps. 128: 2,3**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, verlede jaar het ons gebring tot Efesiërs 5 se einde. Die

besondere band tussen man en vrou. Ja, die nog meer intieme band waar 'n man en sy vrou in 'n

huwelik een kan word. Die feit dat 'n vrou as sy na haar man verwys sy werklik na hom sal wil

verwys as my hoof. Sy beskou dit as geen vernedering of minderwaardige posisie om so na haar

man te verwys nie, want sy sien en bely Christus as haar Hoof. Soos wat Christus Hoof van sy

kerk is, so wil sy haar man sien as hoof in die verhouding en huis waarin sy mag glo, Christus het hierdie man aan my as my man en my hoof gegee. Sy wil in haar man Christus eer. Haar man stel haar lewe in Christus voor. Haar verhouding met haar man word 'n geheimenis wat ons in die geheimenis haar huwelik mag sien as 'n verlengstuk in haar verhouding na Christus toe.

Wanneer 'n man hierdie dinge hoor en hy besef ek moet hoof vir my vrou en gesin wees soos Christus Hoof van sy kerk is, besef u waarlik man dat u man in u huis moet wees, man vir u vrou, in alles wat die Here vir jou sê?! Die man moet sy vrou meer lief het as wat hy homself ooit kan liefhê. Hy moet bereid wees om sy lewe vir sy vrou af te lê soos wat Christus bereid was om sy lewe vir sy Kerk af te lê. Christus het ons met sy bloed gereinig, ja Paulus beskryf in vers 26 iets van 'n besondere doop. As hy met man en vrou praat dan skryf hy in vers 26-27: *26 Dit het Hy gedoen om die kerk aan God te wy, nadat Hy dit met die water en die woord gereinig het, 27 sodat Hy die kerk in volle heerlijkheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik.*

Ons weet toe Israel deur die Rooisee gegaan het, was dit iets van hulle doop wat daar afgebeeld is, 'n doop wat hulle deurloop het. Hier staan dan ook iets van ons doop in die huwelik, 'n doop wat u en ek deur ons huwelik moet deurloop. Om met die water en die woord gereinig te word, ja dit gee die Kerk sy glans. In wat die huwelik bied, is die huwelik en die doop in God se hand, nie sonder verband nie. In alles moet dit dien tot heerlijkheid, ja die heerlijkheid van God wil Hy in ons huwelike sien, maar God wil dieselfde heerlijkheid ook in sy Kerk sien. Die kerk wat God in heerlijkheid tot Hom wil neem, sonder vlek of rimpel, heilig, onberispelik. Die man in sy huwelik het 'n taak wat net groter en groter word. Sonder God sal ons dit nooit kan nakom dat jy man waarlik Christus in jou huwelik moet verteenwoordig is geen geringe taak nie.

Dit alles hang ten nouste saam met daardie woord wat al so baie oor geskryf is maar ons eintlik maar altyd nog net weer die oppervlak daarvan aanraak. Dit wat ons noem LIEFDE. Die diepste betekenis van liefde hier op aarde is waar man en vrou saam is, één is, hulle lewe lank. Ja, waar Paulus al so baie in Efesiërs oor eenheid gehandel het, eenheid wat daar in die Kerk moet wees, hier is verse en verse wat daarvoor handel, kyk maar net weer na Efesiërs 4:1-16 alles daar gaan oor hoe die Kerk sy eenheid moet uitleef. So kan ek in Christus 'n nuwe mens word, kan ek as

'n nuwe mens ook in my huwelik leef, maar nou gaan hoofstuk 6 vandag net nog 'n entjie vêrder. Hoe ek as 'n nuwe mens kan leef is nie net 'n saak vir ons huwelike nie, maar strek nog verder tot diep in ons gesinne. Daar moet God se liefde en God se lig net so duidelik gesien word as wat dit in die huwelik sigbaar moet wees. Wat help liefde as dit nie uitgeleef word nie, wat help lig as jy nie daarna wil kyk, dat dit nie werklik in jou lewe sigbaar word nie. Lig verdryf duisternis maar dan moet die lig nie onder 'n maatemmer wees, weggesteek nie. Dit moet sigbaar wees, ja ek moet in die lig wees voordat ek die lig sal kan sien en die lig my ook sal kan help om te sien. En dit is hoe jy na jou huwelik, na jou gesin maar ook na jou werksplek moet kyk. Orals moet God se liefde en God se lig kan in werk en inskyn.

Dan is Efesiërs 6 se eerste 9 verse ook met soveel rykdom oorlaai. Hoe ouers en kinders se verhouding moet werk. Hoe verhoudinge moet wees daar waar ek my brood verdien, in ons werksplek, tussen mense wat met mekaar moet kan saamwerk, selfs in die tyd toe slawerny nog aan die orde van die dag wees. Dit was 'n wrede praktyk, Paulus het daarmee opgegroeï, weereens dit was die praktyk van daardie tyd, maar so groot is God se liefde, dat 'n eienaar en 'n slaaf hulle ook deur God se liefde moes laat oorwin. Dan kan die praktyk dalk nog baie wreed wees maar God verander dit wat mense se verhoudinge is dat 'n eienaar en 'n slaaf ook anders na mekaar sou begin kyk, weereens net as God se liefde en God se lig daardie eienaar en slaaf se lewe kon indring.

Ons sien dat die laaste dele van Efesiërs is deurdring van nuwe mense kan in nuwe verhoudinge lewe. Jou huwelik sal jy nuut na kan kyk, maar kyk jy ook vandag man en vrou nuut na julle kinders en julle kinders kyk nuut na julle ouers. God het die huwelik as volmaakte eenheid geskep, maar die besondere van die vrug van die een-word tussen man en vrou bring 'n huisgesin met kinders wat op geen wyse maar op hulle eie mag opgroeï nie. Dit wat Efesiërs 6 in net 4 verse uitlig moet ons oë oopmaak, ook vir die krisis van die kerk en die wêreld vandag. As hierdie 4 verse net na behore in ons dae toegepas kan word dan was die krisis waarmee huisgesinne, skole en ek wil selfs sê dan sou die hele maatskaplike lewe van ons tyd nie in die groot gemors gewees het, wat dit vandag is nie. Ook as ons vandag weer met ons katkisasie vir die jaar wil begin dan is hierdie 4 verse met die oog op kategetiese onderrig in vlamme skrif.

Dit moet ons ouers en kinders se harte ingebrand word. Vir die kinders staan hier - *1 Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis. 2 “Eer jou vader en jou moeder” is 'n baie belangrike gebod. En daar is nog 'n belofte by 3 “sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde.”* Die ouer vertaling sê: *1 KINDERS, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg ...* Let op die uitdrukking van *dit is reg ...* Die 2020-Vertl staan dit so vertaal ... *want dit is hoe dit hoort ...* In die oorspronklike Grieks beteken dit dat so verorden is. Dat dit wetlik bepaald is. Dit is nie, maar net 'n goeie sosiale gewoonte nie, dit word nie, maar net sosiaal vereis nie, maar dit is in die Wet van God vasgemaak. Dit alles ingesluit in wat Paulus sê **DIT IS REG.**

As kinders nie weet en nie leer hoe hulle die gesag van hulle ouers moet respekteer en in alle opsigte aan hulle ouers onderworpe is nie, dan sal sulke kinders in alle ander verhoudinge waarin hulle eendag ook sal staan daarvan 'n gemors maak. Dinge begin by die Wet en die Wet van die Here moet in ons huise geld. Dit is nie in die eerste plek 'n Wet vir die Kerk as ons oor die Tien Gebooe handel nie, dit is 'n Wet vir ons huise. Daardie gesindheid en keuse wat Josua so duidelik wou uitdra van *ek en my huis ons sal die Here dien ...* In besonder begin dit met hoe ons kinders opgroei en hoe ek my kind laat opgroei, hoe my kind onderrig word en hoe ek my kind laat onderrig. Alles weereens terug by die doop van ons kinders. Daar begin dit.

Ons het in die huwelik iets gesien van 'n doop wat 'n man en vrou in hulle huwelik moet deurloop, dit wat met die water en die woord gereinig moet word, dadelik slaan dit oor na ons kinders wat gedoop is. Die kerk wat God in volle heerlikheid by Hom wil neem, ja 'n kerk wat in staat is om God te verheerlik sluit in kinders wat in staat is om die vyfde gebod te gehoorsaam. Kinders wat as gelowiges aan hulle ouers gehoorsaam is. In die Grieks kom dit mooi uit dat hierdie moet 'n gehoorsaamheid **IN DIE HERE** wees. Paulus se eksegeese rondom die vyfde gebod raak net dieper dieper want skryf Paulus vir ons kinders - *2 Eer jou vader en jou moeder, dit is die eerste gebod met 'n belofte, 3 “sodat dit met jou goed mag gaan, en jy 'n lang lewe op aarde sal hê.”*

Mag ons kinders dit wil hoor, dit verstaan, dit werklik in hulle lewe wil uitleef en toepas. Hier het ons 'n gebod wat nie net as opdrag staan nie. Dit is 'n gebod met 'n belofte. Paulus noem dit

die eerste gebod met 'n belofte ... en dan weet ons as ons die Wet uit Deuteronomium 5 ook lees dan bevat hierdie gebod eintlik twee beloftes.

In die 2020 Vertl word vir die kinders gesê: *16 Behandel jou vader en jou moeder met eerbied soos die Here jou God jou beveel het, sodat jy lank kan leef, en sodat dit met jou goed kan gaan op die grond wat die Here jou God vir jou gaan gee.* Om jou ouers te eer, om hulle met eerbied te behandel, is die Hebreeus vir die woord eer afgelei van die stam כָּבֵד waar hierdie woord verband hou met dit wat 'n gewigtige saak is. Dit is iets belangrik, dit moet in heldere lig staan, dit mag nie verdof word nie. Soos die son en maan en sterre glansryk is so moet hierdie saak vir my glansryk wees. Dit alles hang rondom hierdie besondere כָּבֵד saam.

Dit sal altyd as iets van 'n baken op jou lewenspad wees in hoe ek my ouers geëer het, hulle eerbiedig het. Die belofte van grond staan dan ook hieraan verbind. Die grond waaruit ons gemaak is en waarvan ons bestaan afhanklik is, nou belowe die Here aan gehoorsame kinders *sodat dit met jou goed kan gaan op die grond wat die Here jou God vir jou gaan gee.* 'n Lewe verleng in lengte gaan nie soseer oor hoeveel jare God aan sy kinders op aarde gaan toevoeg nie, ja daar is al 'n belofte van 'n lewe wat in lengte geseënd sal wees, want die seëninge van gehoorsame kinders maak ouerharte dankbaar. Dit word iets van 'n dubbele seën in hierdie wisselwerking wat God se belofte is.

Ja, broeder en suster, in alles het die lewe baie met wisselwerking te make. Dit is wat die verbond van die Here in wese is, 'n wisselwerking tussen God en die mens. Dit alles word dan verbondsake, hoe ek in my huwelik maak, hoe ons as man en vrou met mekaar handel, hoe ons kinders in die verbond gedoop is maar nou ook in die verbond geleer moet word en in die verbond mag opgroei. Hoe die man sy vrou gaan behandel, gaan bepaal hoe jy daarin sal slaag dat sy jou as man gaan eer. Hoe vrou jy jou man gaan behandel, weereens wisselwerking, gaan bepaal of hy sy lewe vir jou sal gee, of sy liefde sal kan groei, of hy werklik geëer word. Nie bloot omdat hy man is nie, maar omdat jy hom eer in hoe hy as man vir Christus in julle huis verteenwoordig. Hoe hy Christus se gesag in julle huis, maar ook in die huisgesin van God, ja hoe hy Christus se gesag in alles bedien, word die wisselwerking tussen huisgesin en kerk. Daarom het die man nie net 'n rol as hoof van sy vrou nie, maar die rol word die van vader.

Efesiërs 6 praat spesifiek met die vaders *4 En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here.* Die ouer vertaling sê die Here aan ons - *4 En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil.* Die 2020 Vertl stel dit weer- *4 En vaders: Moenie julle kinders uittart nie, maar voed hulle op deur die dissipline en teregwysing van die Here.* In die Grieks het ons hier te make met die woord *παροργίζετε* waar die woord in die vorm net een maal in die Bybel voorkom. Om jou kind te vertoorn, om jou kind uit te tart, ja die 1983-Vertl kom daarby uit is om jou kind opstandig te maak. Sommige ouers het 'n manier van opvoeding wat ons nie opvoeding kan noem nie. Dit word 'n proses waar die kind nie as kind van God geëer word nie. Die kind word aanhoudend net gevloek, mee geraas, behandel asof hy/sy nie beelddraer van God is nie. Om jou kind so aanhoudend te wil uithaal, uit te tart, dat die kind nie alleen net verontwaardig word nie, maar die kind word kwaad. Dit is die geladenheid van die woord *παροργίζετε*.

Duidelik hoor ons dat dissipline, tug, teregwysing, vermaning moet daar wees. Die Griekse woord *παιδεύω* wat ons vertaal as tug of as dissipline gaan gepaard om iemand die regte vorm te leer, iets van hervorming vind plaas, 'n boompie wat gebuig moet word om in die regte rigting te groei. Die woord het verband met onderrig, daar is 'n leerproses wat moet plaasvind. Die Griekse woord direk langs *παιδεύω* is die woord *νουθεσία* wat weereens wys op onderrig wat waarskuwing insluit. Om jou kind nie net die regte rigting te wys nie, maar ook baie duidelik te wys wat is die verkeerde rigting. Om die kind terug te bring van wat verkeerd is.

Vanuit die huwelik en die gesin skuif Paulus oor na die werkplek, selfs waar slawe baie swaar onder hulle base gely het, was daar nie 'n verandering of verslapping van beginsels nie. Die praktyk mag nie die beginsel bepaal nie, maar die beginsel moet die praktyk bepaal. Daarom bly die beginsels heeltyd dieselfde. In die huwelik, in die gesin, maar selfs in die werksplek gaan dit om eerbied, dit gaan om ontsag, dit gaan om opregte harte. Dit gaan om toewyding, dit gaan om die goeie te wil bly doen. U kan al hierdie belangrike woorde so op die verskillende terreine vervleg sien. Of ons van ons huwelike praat, of van ons gesinne hoe ons kinders met ons handel, hoe ons met ons kinders handel, selfs in die arbeidsmark kan die koninkryk dit oopbreek en

anders maak.

Van die vrou eis die Here gehoorsaamheid, van die kinders eis die Here gehoorsaamheid, van die slawe eis die Here gehoorsaamheid, maar dit moet wees gehoorsaamheid IN DIE HERE.

Gehoorsaamheid nie om die persoon te eer aan wie jy gehoorsaam is nie, maar om God te eer in wat jy as gehoorsame doen. Dan sal die man hom nooit as baas gedra nie, maar hy sal veel eerder word 'n slaaf wat nie 'n baas wil wees nie.

Vergeet nie vir 'n oomblik wat die groot geheim agter jou huwelik, jou gesin en jou as werker en ook as werkgewer moet wees nie. As jy in Christus nuutgemaak is dan sal jy in 'n wêreld wat so onder sonde en ellende ingeploeg lê wel daarin slaag om jou verhoudings nuut te maak. Jy was mense se voete wat veronderstel was om jou voete te was. As jou verhoudings dit nie wys nie, dan is die vraag oor jou verhoudings nie die groot vraag nie, maar of jy werklik in Christus is. Is die gesindheid wat daar in Christus is werklik ook jou gesindheid. Dit word die vraag! Een wat werk nie om deur ander mense gesien te word nie, maar my gehoorsaamheid is 'n gehoorsaamheid soos aan Christus.

Jou werk is nie om te dink ag ek werk maar vir hierdie of daardie baas nie. Slawe het in die meeste gevalle nie eers geld gekry nie, so onderdruk was hulle, maar van binne het hulle anders na hulle werk begin kyk. Hulle het daarin geslaag om te sê in die slegste van omstandighede werk ek, maar ek werk soos vir Christus. My baas moet Christus in my raaksien en dan verander dit nie noodwendig my posisie as slaaf nie, maar my gesindheid verander en ja selfs my baas kan ook verander.

En dan kry die slaaf die dinge uitgeleef wat Paulus hulle nie probeer mislei nie, maar hulle word al dieper ingelei in wat die koninkryk nie net 'n wonderlike saak maak nie, maar ook 'n wonderlike plek. Dan maak die ware Koning, die grootste Koning, Jesus Christus jou ryk al is jou baas nie eers bereid om 'n sent af te staan nie. Dan kom ons by die verskil tussen die arm rykes en die ryk armes. Het u al by daardie verskil in u lewe gekom. Sal u uself sien as 'n arm ryke of 'n ryk arme. Ander kan jou nie oordeel nie, maar God het ons reeds geoordeel soos ons vandag hier is.

En sou die baas verander, want God kan hom/haar ook verander, maar so 'n baas begin werklik te verstaan wat in vers 9 staan: *9 En eienaars, behandel julle slawe met dieselfde gesindheid. Hou op om hulle te dreig. Dink daaraan dat die Here in die hemel hulle Here en ook julle Here is, en Hy trek niemand voor nie.*

Geliefdes ons het die groot terreine van die lewe hier gelyklik voor oë gehad. Ons huwelike, ons kinders, ons werkplek. Wonderlik dat oral geld eintlik dieselfde beginsels, want dit is Christus se beginsels wat moet geld. Sy liefde en sy lig wat oral moet inskyn, Hy ons Hoof, Hy wat ons nuutmaak. Mag u reeds nuut wees as u na u verhoudinge kyk daar waar jy met jou vrou, jou man een is, daar waar jou kinders by jou is, ook weer 'n besondere eenheid, daar by jou werkplek, weer 'n ander tipe eenheid in die saam wees met mekaar.

Geliefdes ongeag watter terrein ons mee besig is, die laaste dele uit Efesiërs wys die lewe is nie speletjies nie. Dis 'n oorlogsveld. Dit gaan nie net om die verhoudinge reg uit te leef nie, u en ek sal moet weet watter wapens ons moet aantrek. Ons kon kyk na hoe lyk 'n huwelik in Christus, hoe lyk 'n gesin in Christus, hoe lyk my werkplek in Christus, ons moet kom by hoe lyk 'n soldaat in Christus. Christelike getroudes, christelike gesinne, christelike werkers moet ook kan word christelike soldate. Daarvoor het ons nie net toerusting nodig wat ons vandag wou bied nie, daarvoor het ons ook krag nodig. Mag ons ons wysheid in ons verhoudinge in die Here soek, maar mag ons ook vir die res van Efesiërs ons krag vir die oorlog in die Here soek en in die krag van Sy sterkte!

AMEN